

HUMAN LIBRARY

21947/9

MM 1

Doc no 42346

Copy no 42349



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN STADS- EN  
STREEKSBEPLANNERS VIR DIE TYDPERK 1968 TOT 1980

DEUR

S.S. TERBLANCHE B.Sc., B.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRETORIA

1969

000042346

2844363866



0013072068 HSRC MM 1



\* 0 4 2 3 4 9 \*

## BYLAAG C

DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN STADS- EN/OF STREEKSBEPLANNERS**Vraelys aan werkgewers van stad- en/of streekbeplanners**

(Merk die toepaslike blokkie waar van toepassing)

1. Dui asseblief aan hoeveel poste vir stads- en streeksbeplanners in u organisasie bestaan.

	Gevul	Vakant
Stadsbeplanners .....		
Streeksbeplanners .....		

2. Is u van voorname om die aantal poste vir stads- en/of streeksbeplanners te vermeerder?

Ja, indien vakante poste  Ja  Nee   
gevul kan word

3. Indien u antwoord by vraag 2 "Ja" was, hoeveel nuwe poste sal u waarskynlik tot 1971 skep?

Stadsbeplanners .....	
Streeksbeplanners .....	

4. Hoeveel persone in u diens wat 'n pos van stads- en streeksbeplanner beklee, het nie gespesialiseerde opleiding gehad nie (bv. graad of diploma in stads- en/of streeksbeplanning)?

Stadsbeplanners .....	
Streeksbeplanners .....	

5. Hoeveel persone in u diens, wat nie as stads- of streeksbeplanners opgelei is nie, en ook nie sodanige pos beklee nie, doen op die oomblik werk wat eintlik deur 'n stads- of streeksbeplanner gedoen behoort te word?

As stadsbeplanner .....	
As streeksbeplanner .....	

6. Watter kwalifikasie vereis u gewoonlik van u stadsbeplanners?

.....  
.....  
.....

7. Watter kwalifikasie vereis u gewoonlik van u streeksbeplanners?

.....  
.....  
.....

**BYLAAG B**  
**DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN STADS- EN/OF STREELS-**  
**BEPLANNERS**

Vraelys aan persone wat gekwalifiseer is as stads- en/of streeksbeplanners, maar nie tans sodanige beroep beoefen nie.  
(Merk die toepaslike blokkie waarvan toepassing)

1. Gebruik u opleiding as stads- en/of streeksbeplanner direk in u huidige beroep?

Ja  Gedeeltelik  Nee

2. Indien u antwoord op vraag 1 "Ja" was, meld asseblief op watter wyse u dit waardevol vind
- .....  
.....  
.....

3. Indien u antwoord op vraag 1 "Nee" was, meld asseblief kortlik waarom nie
- .....  
.....  
.....

4. Het u kwalifikasie as stads- en/of streeksbeplanners u gehelp om u huidige betrekking te bekom?

Ja  Nee

5. Het u probeer om 'n betrekking as stads- en/of streeksbeplanner te bekom?

Ja  Nee

6. Wat is u mening oor die posisie t.o.v. werkgeleenthede vir stads- en/of streeksbeplanners?
- Baie werkgeleenthede .....   
Taamlik werkgeleenthede .....   
Min werkgeleenthede .....

7. Sou u graag 'n betrekking as stads- en/of streeksbeplanner wou beklee?

Ja  Nee

8. Merk asseblief u salaris/inkomstegroep:

R	tot	2000	2500	3000	3500	4000	4500	5000	5500	6000
	tot	+								
1999	2499	2999	3499	3999	4499	4999	5499	5999	6499	10
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	

**VOORWOORD**

Hierdie studie is een van die reeks vraag- en aanbodstudies in verband met spesifieke beroepe wat deur die Instituut van Mannekragnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing beplan word.


Die resultate van hierdie reeks sal hul gebruik op hoofsaaklik twee terreine vind. Ten eerste is die inligting wat deur die studies versamel en geordend word, onontbeerlik vir die owerhede wat vir opleidingsgeriewe moet beplan. Ten tweede is inligting van hierdie aard baie waardevol vir voornemende studente by die keuse van 'n studie- of beroepsrigting. Op die wyse lewer hierdie studies 'n belangrike bydrae tot mannekragbeplanning, want in 'n demokratiese samelewing berus mannekragbeplanning in 'n groot mate op die verstandige maar vrye keuse van die individu ten opsigte van sy opleiding.

Graag betuig ek my dank en waardering aan almal wat 'n bydrae tot die studie gelewer het. 'n Besondere woord van dank aan die Departement van Beplanning vir gewaardeerde kommentaar.

*Arn. Rossouw*

PRESIDENT:

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



## BYLAAG A

DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN STADS- EN/OF STREEKSBEPLANNERS

Vraelys aan persone wat poste as stads- en/of  
streeksbeplanners beklee

(Merk die toepaslike blokkie waar van toepassing)

1. Werk u as 'n stadsbeplanner? .....   
Werk u as 'n streeksbeplanner? .....

2. Wie is u werkgewer?  
In eie diens .....   
Universiteit .....   
Plaaslike owerheid .....   
Staatsdiens of Provinciale Administrasie .....   
Ander (spesifiseer) .....

3. Verstrek asseblief die adres van u werkgewer .....  
.....  
.....

4. Wat is u ondervinding met betrekking tot werksgleentheid vir stads- en streeks-  
beplanners? .....   
Baie werksgleenthede .....   
Redelike aantal werksgleenthede .....   
Min werksgleenthede .....
- | Stads-<br>beplanners | Streeks-<br>beplanners |
|----------------------|------------------------|
|                      |                        |
|                      |                        |
|                      |                        |

5. Indien u met verdere studie besig is, noem die beoogde kwalifikasie  
.....

6. Beoog u enige beroepsverandering? Ja  Nee

7. Verstrek asseblief die name en adresse van organisasies wat, so ver u weet, stads- en/of streeks-  
beplanners in diens neem (u eie werkgewer, plaaslike owerhede en staatsdepartemente uitgesonderd)  
.....

8. Merk asseblief u salaris/inkomstegroep:

R	2000	2500	3000	3500	4000	4500	5000	5500	6000
	tot	+							
	1999	2499	2999	3499	3999	4499	4999	5499	5999
	1	2	3	4	5	6	7	8	10

Gemiddeld is daar in die tydperk 1959 tot 1966 sowat 9 kwalifikasies per jaar toegeken.

In die komende jare sal die uitwerking van die graadkursus (B. Sc. en B. A. -beplanning) 'n groot uitwerking op die aanbod hê aangesien die persone wat hierdie kursusse volg, byna almal beplanningswerk sal doen. Onderhoude met praktiserende stads- en streeksbeplanners het meningsverskil ningswerk sal doen. Sommige het gemeen dat 'n persoon met 'n oor die waarde van dié kursus aan die lig bring. Sommige het gemeen dat 'n persoon met 'n B-graad van 4 jaar te onryp is om die werk te doen. Die meerderheid was egter van mening dat die instelling van die kursus 'n goeie stap is aangesien hierdie beplanners nie so geneig sal wees om hul taak vanuit 'n spesifieke agtergrondstudierigting te benader nie. Tot en met 1971 kan hierdie kursus egter nie noemenswaardige invloed op die aanbod hê nie. Die eerste studente is vanjaar (1968) in hul finale studiejaar en 'n maksimum van 5 grade sal toegeken word, terwyl daar in 1969 nie meer as 13 grade toegeken kan word nie.<sup>1)</sup>

## 5. GEVOLGTREKKING

Tensy die getal kwalifiserendes aansienlik vermeerder, is daar skynbaar maar 'n geringe moontlikeheid dat aan die vraag na stads- en streeksbeplanners vir die tydperk 1968 tot 1980 voldoen sal kan word. Die kwalifikasie wat die grootste invloed op die vraag sal hê, of wat verantwoordelik sal wees vir die grootste effektiwe aanbod, is die Baccalaureusgraad in Beplanning omdat verwag kan word dat persone met hierdie kwalifikasie tot die beroep sal toetree aangesien hulle oor geen ander, goedbetaalende agtergrondstudierigting beskik nie.

Sekere faktore wat by die raming van die vraag na stads- en streeksbeplanners 'n rol speel, maar nie syferkundig in aanmerking geneem kan word nie, is:

- (a) Metropolitaanse ontwikkeling geniet tans meer aandag as in die verlede en dit skep waarskynlik 'n groter behoefte na stads- en streeksbeplanners.
- (b) Stedelike groei kan moontlik vinniger wees as wat in die raming voorsien is.
- (c) Desentralisasie van nywerhede en grensgebiedontwikkeling stimuleer die ontstaan van nuwe dorpe en stede, beide in Blanke en Bantoegebiede.
- (d) Ontwikkeling van die Bantoegebiede van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika kan moontlik 'n verhoogde vraag naveral streeksbeplanners tot gevolg hê.

Die regeringsbeleid ten opsigte van Kleurling- en Asiate-ontwikkeling kan ook die vraag verhoog en sodoende mag daar in die toekoms 'n vraag na nie-Blanke stads- en streeksbeplanners ontstaan.

Wat die toekomstige ontwikkeling van die beroep betref, meer sommige stads- en streeksbeplanners dat daar ook 'n vraag sal ontstaan na beplanningspesialiste, bv. op die gebied van statistiek, ekonomie, sosiologie ens., m.a.w. persone wat na die beplanningsopleiding op sekere aspekte van beplanning sal spesialiseer.

Die raming wat aangebied is, is daarom na alle waarskynlikheid 'n minimumraming, maar een wat 'n realistiese onmiddellike doelwit vir opleiding daarstel. Die beroep van Stads- en streeksbeplanners sal later weer onder die soeklig geplaas word en ontwikkelinge by 'n nuwe raming in aanmerking geneem word.

1) Gegewens gebaseer op die aantal ingeskreve studente vir die Baccalaureusgraad in Beplanning.

## DIE VRAAG NA EN DIE AANBOD VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS VIR DIE TYDPERK 1968 TOT 1980

### INHOUDSOPGawe

	BLADSY
1. INLEIDING	1
1.1 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	1
1.1.1 Stads- en streeksbeplanner	2
1.1.2 Agtergrondstudierigting	2
1.2 METODE VAN ONDERSOEK	3
1.3 REAKSIE OP VRAELYSTE	3
1.3.1 Reaksie op vraelyste aan individue	3
1.3.2 Reaksie op vraelyste aan werkgewers	3
2. 'N BEROEPSPROFIEL VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	3
2.1 GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	3
2.1.1 Die agtergrondstudierigting	4
2.1.2 Die werkgewer	4
2.1.3 Die inkomste	7
2.1.4 Die ouderdomstruktur	7
2.1.5 Die kwalifikasiestruktuur	7
2.2 GEKWALIFISEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS	8
2.2.1 Die agtergrondstudierigting	8
2.2.2 Die inkomste	9
2.2.3 Die ouderdomstruktur	9
2.3 DIE MENING VAN GEKWALIFISEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	10
TEN OPSIGTE VAN DIE HOEVEELHEID WERKGEELENTHIED VIR DIE BEROEP	10
DIE NUT VAN KWALIFIKAASIES IN STADS- EN STREEKSBEPLANNING VIR DIEGENE	10
WAT NIE DIE BEROEP BEOEFEN NIE	11
2.4.1 Gesalarieerde persone	11
2.4.2 Persone in eie diens	11
3. DIE VRAAG NA STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	11
3.1 DIE RAMING VAN DIE VRAAG TOT 1971	11
3.2 DIE RAMING VAN DIE VRAAG, 1972 - 1980	13
3.2.1 Metode van raming	13
3.2.2 Raming van werkgeleenheid 1980	14
3.2.3 Raming van die erosie as gevolg van uitdienstreding	15
3.2.4 Raming van die getal persone wat kwalifikasies moet verwerf in stads- en streeksbelanning, 1972-1980	16
3.2.5 Raming van die getal persone wat as stads- en streeksbeplanners gedurende die tydperk 1968 tot 1980 opgelei moet word	16
4. DIE AANBOD VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	17
5. GEVOLGTREKKING	18

INHOUDSOPGAWE VAN TABELLE

	<u>BLADSY</u>
2.1 AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN PRAKТИSERENDE GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	3
2.2 DIE WERKGEWERS VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	4
2.3 JAARLIKSE INKOMSTE VOLGENS WERKGEWER VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS WAT DIE BEROEP BEOEFEN	5
2.4 JAARLIKSE INKOMSTE VOLGENS AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS WAT DIE BEROEP BEOEFEN	5
2.5 JAARLIKSE INKOMSTE VAN GESALARIEERDE, GEKWALIFISEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS WAT NIE DIE BEROEP BEOEFEN NIE, VOLGENS BEROEPSRIGTING	6
2.6 DIE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	7
2.7 DIE KWALIFIKAISIESTRUKTUUR VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	7
2.8 AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS	8
2.9 DIE JAARLIKSE INKOMSTE VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS	9
2.10 DIE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS	9
2.11 MENING VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS OOR DIE HOEVEELHEID WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	10
2.12 MENING VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS OOR DIE HOEVEELHEID WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKSBEPLANNERS	10
3.1 HUIDIGE (1967) EN VERWAGTE (1971) WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKSBEPLANNERS VOLGENS WERKGEWER	12
3.3 GROOTTE VAN TOTALE BLANKE BEVOLKING VAN ALLE DORPE EN STEDE MET MEER AS 10,000 INWONERS IN 1960	15
3.4 GERAAMDE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN PERSONE WAT POSTE AS STADS- EN STREEKSBEPLANNERS BEKLEE IN 1967	16
4.1 GETAL GRADE EN DIPLOMAS IN STADS- EN STREEKSBEPLANNING TOEGEKEN AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE	17

ingewin vanaf die werkgewer terwyl die tweede op meer aanvegbare aannames gegrond is. Die eerste raming dui aan dat 58 stads- en streeksbeplanners tot 1971 opgelei moet word om die bestaande agterstand in te haal. Aangesien dié getal as 'n opleidingsdoelwit geheel unrealisties is en omdat dit tog wenslik is om vir 'n langtermyn raming wel rekening te hou met die gegewens wat vanaf die werkgewers ingesamel is, is dit nodig om die twee ramings gekombineerd as 'n opleidingsdoelwit vir 1980 te stel. As die twee ramings gekombineer word, moet 378 stads- en streeksbeplanners, dit wil sê ongeveer 28 per jaar vanaf 1968 tot en met 1980 opgelei word om aan die vraag te voldoen.

**4. DIE AANBOD VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Dit is nie moontlik om uit die beskikbare gegewens ramings van die toekomstige aanbod te maak nie.

Die aantal grade en diplomas wat in stads- en streeksbeplanning toegeken word, sowel as die agtergrondstudierigting, staan in noue verband met die aanbod van stads- en streeksbeplanners. Gewoonlik kan 'n raming van die aantal grade en diplomas wat in 'n studierigting toegeken sal word, deur middel van ekstrapolasie gemaak word. Tabel 4.1 toon egter duidelik aan dat dit in hierdie geval nie moontlik is nie omdat

- (a) die getal persone wat sodanige kwalifikasies behaal, so gering is, en
- (b) daar geen waarneembare neigings bestaan nie.

TABEL 4.1

**GETAL GRADE EN DIPLOMAS IN STADS- EN STREEKSBEPLANNING TOEGEKEN AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE<sup>1)</sup>**

Jaar	Diplomas	Grade (M. Sc.)	Totaal
1959	9		9
1960	3		3
1961	2		2
1962	19		19
1963	4	1	5
1964	5	3	8
1965	6		6
1966	17	2	19
<b>TOTAAL</b>	<b>65</b>	<b>6</b>	<b>71</b>

Bostaande tabel toon duidelik dat die getal kwalifikasies wat per jaar toegeken word, tot dusver geweldig wissel. Syfers vir 1967, alhoewel nog nie volledig nie, toon dat daar ongeveer 5 kwalifikasies toegeken is.<sup>2)</sup>

<sup>1)</sup> Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

<sup>2)</sup> Soos getel in die gradeplegtighedsprogramme.

domstruktuur van die 155 werknemers wat tans die beroep beoefen (123+32, kyk tabel 3.1), geraam.

TABEL 3.4  
GERAAMDE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN PERSONE WAT POSTE AS STADS- EN STREEPS-  
BEPLANNERS BEKLEE IN 1967

Ouderdom in jare	N	%
25 - 29	11	7.2
30 - 34	16	10.2
35 - 39	24	15.9
40 - 44	36	23.2
45 - 49	18	11.6
50 - 54	22	14.5
55 - 59	16	10.2
60 - 64	5	2.9
65 - 69	7	4.3
	155	100.0

Erosie as gevolg van dood word weer nie in berekening gebring nie omdat die getalle so klein is. Daar word aangeneem dat (a) daar in 1980 nie ekonomies bedrywige stads- en streeksbeplanners as 65 sal wees nie, en (b) dat die ouerdomme van die persone eweredig binne elke ouerdomsinterval versprei is.

Daar was 22 persone in die ouerdomsgroep 50 - 54 jaar in 1967. In 1980 sal hierdie persone 63 - 67 jaar oud wees. Volgens aanname (b) hierbo sal 13 persone dus ouer wees as 65 jaar en volgens aanname (a) nie meer in 1980 ekonomies bedrywig wees nie. Die groep wat in 1967 ouer as 54 jaar was, dit wil sê 28 persone, is in 1980 reeds almal ouer as 65 en word daarom as nie-ekonomies bedrywig in 1980 beskou. 'n Bykomende 41 poste (28+13) moet gevoglik tussen 1967 en 1980 gevul word. Twaalf van die poste sal egter volgens die vorige raming reeds in die tydperk 1968 - 1971 gevul moet word. Daar bly dus 29 poste vir die tydperk 1972 - 1980 oor. Die totale werkgeleenthed vir 1980 word dus geraam op 283 poste (29+254, kyk par. 3.2.2).

### 3.2.4 Raming van die getal persone wat kwalifikasies moet verwerf in stads- en streeksbeplanning,

1972 - 1980

Volgens paragraaf 3.2.2 moet 37 bykomende poste en volgens paragraaf 3.2.3 29 poste wat ontruim word, dit wil sê 'n totaal van 66 poste, in die tydperk doelmatig gevul word. Volgens paragraaf 2.1.1 is daar 153 persone waaroor verslag gedoen word. Van dié 153 beklee 69 poste as stads- en streeksbeplanners. Indien aangeneem word dat hierdie verhouding van 153 tot 69 geldig is vir die vooruitskattingstydperk, moet 146 stads- en streeksbeplanners opgelei word om te verseker dat 66 poste gevul word, dit wil sê ongeveer 16 per jaar.

### 3.2.5 Raming van die getal persone wat as stads- en streeksbeplanners gedurende die tydperk 1968 - 1980 opgelei moet word

Die ramings vir die twee tydperke verskil aansienlik (58 per jaar, kyk par. 3.1, en 16 jaar, kyk par. 3.2.4) omdat die aanvanklike agterstand in die vorm van bestaande vakatures in aanmerking geneem word in die raming vir 1968 - 1971 terwyl vir die raming 1972 - 1980 aanvaar word dat daar in 1972 geen agterstand meer bestaan nie. Die eerste raming berus egter op "harde" gegegewens

## DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN STADS- EN STREEPSBEPLANNERS, 1968-1980

### 1. INLEIDING

Hierdie ondersoek na die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners is op versoek van die Hulpbronre- en Beplanningsraad onderneem, maar kan nie van die algemene mannekragnavorsing van die Nasionale Buro vir Opvoekundige en Maatskaplike Navorsing geskei word nie. Dit is deel van die reeks vraag- en aanbodstudies wat vir spesifieke beroepe beplan word. 'n Vraag- en aanbodstudie vir medici is reeds onderneem, en tans word ook gewerk aan studies wat handel oor tegnici en argitekte.

'n Vraag- en aanbodstudie impliseer 'n raming van die situasie in die toekoms. Die doelwitjaar vir hierdie studie is aanvanklik op 1971 gestel, maar op versoek van die Hulpbronre- en Beplanningsraad, word 'n langtermynraming tot 1980 ook aangebied.

### 1.1 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

#### 1.1.1 Stads- en streeksbeplanner

Stads- en streeksbeplanning as professie is 'n ontwikkeling van die 20<sup>e</sup> eeu en kan as een van die nuwere beroepe beskou word. As 'n uitvloeisel van veral die argitektuur en siviele ingenieurswese, is daar argitekte, siviele ingenieurs en ook landmeters wat hulle as stads- en streeksbeplanners beskou. Die besef dat die beplanning van dorpe en stede asook streke in werklikheid 'n multidisplinêre taak is, waarin behalwe die tegniese rigtings van argitektuur, ingenieurswese en landmeetkunde ook die sosiologie, ekonomie en selfs die regte 'n rol het om te speel, het spesifieke opleiding vir die stads- en streeksbeplanner vereis. Die opleiding van die beplanner moet hom in staat stel om reg te laat geskied aan die "unified development of urban communities and their environments as expressed through determination of the comprehensive arrangement of land uses and land occupancy, and the regulation thereof"<sup>1)</sup>

Die besef van die "unified development" het aanleiding gegee tot spesifieke opleidingskursusse as 'n nagraadse diploma of magister- of doktorsgraad. In die afgelope paar jaar is ook 'n voorgraadse kursus van vier jaar in beplanning aan 'n aantal universiteite ingestel. Laasgenoemde kursusse maak die beplanner nog meer los van 'n spesifieke vakrigting.

Personne word vir die doeleindes van hierdie studie slegs as stads- en streeksbeplanners beskou indien hulle oor spesifieke kwalifikasies beskik, nl. M.Sc (S en S), Diploma in Stads- en Streeksbeplanning, baccalaureusgraad in Beplanning of lidmaatskap van die Instituut van Stadsbeplanners. In die beroepsprofiel wat in paragraaf 2 aangebied word, word egter persone wat nie oor spesifieke kwalifikasies in stads- en streeksbeplanning beskik nie maar hul beroep spesiek as stads- en streeksbeplanner aandui, volledigheidsonthalwe ingesluit.

<sup>1)</sup> Howard, J. T. City Planning as a Social Movement, a Governmental Function, and a Technical Profession, in Perloff, H. S. (ed), Planning and the Urban Community, Carnegie Institute of Technology, University of Pittsburgh Press, 1961.

### 1.1.2 Agtergrondstudierigting

Die meeste van die huidige stads- en streeksbeplanners kan ook nog 'n ander beroep beoefen. Hierdie beroepe is gewoonlik dié van argitek, landmeter of ingenieur. Die studierigting wat tot die beoefening van hierdie beroepe aanleiding gee, word in dié verslag die "agtergrondstudierigting" genoem.

### 1.2 METODE VAN ONDERSOEK

'n Vraag- en aanbodstudie vir 'n spesifieke beroep vereis die volgende gegewens en inligting:

- Gegewens in verband met die huidige situasie t. o. v. die getal gevulde en ongevulde poste asook van tekorte of oorskotte van mannekrag in daardie beroep, wat mag bestaan.
- Inligting insake o. a. die ouderdom en kwalifikasies van die persone wat tans die beroep beoefen of kan beoefen.
- Gegewens wat kan dien as 'n norm vir die raming van die vraag-aanbodsituasie in die toekoms.

Om die nodige inligting t. o. v. (a) en (b) vir hierdie ondersoek in te samel, is van vraelyste gebruik gemaak. 'n Ontleding van die kwalifikasiepatroon en beroepstruktuur van stads- en streeksbeplanners wie se name in die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplike voorkom, het aangetoon dat 'n aansienlike deel van die persone met kwalifikasies in stads- en streeksbeplanning nie die beroep beoefen nie. Hierdie feit speel 'n belangrike rol in die bepaling van die aanbod en daar moes dus 'n poging aangewend word om vas te stel hoeveel persone met gesikte kwalifikasies nie die beroep beoefen nie. 'n Vraelys aan elke betrokke individu was dus noodsaaklik.

'n Naam- en adreslys is saamgestel uit die Nasionale Register en 'n naam- en adreslys verkry van die Instituut van Stadsbeplanners.

Die volgende vraelyste is versend:


- 'n Vraelys aan persone wat die beroep van stads- en streeksbeplanner beoefen (Bylaag A).
- 'n Vraelys aan persone wat oor die nodige kwalifikasies beskik, maar nie die beroep beoefen nie (Bylaag B). Aan diegene van beide groepe (i) en (ii) wat nog nie 'n Nasionale Registrervraelys voltooi het nie, is ook 'n Nasionale Registrervraelys gestuur om inligting insake kwalifikasies, ouderdom, ens. te bekom.
- 'n Vraelys aan werkgewers (Bylaag C) wat waarskynlik stads- en streeksbeplanners in diens het. Konsultante is vir hierdie doel as werkgewers beskou. Verder is vraelyste aan Staatsdepartemente, Proviniale Administrasies en Plaaslike besture van dorpe met meer as 10,000 Blanke inwoners, gestuur. Die persone in (i) en (ii) hierbo is ook versoek om die naam en adres van sy werkgewer te verstrek asook name en adresse van werkgewers van wie hulle weet. Die versendingslys vir werkgewers is hierdeur aangevul en behoort sodoende redelik volledig te wees.

FIGUUR 1

GERAAMDE GROEI VAN DIE BLANKE BEVOLKING VAN DORPE EN STEDE WAT MEER AS 10,000 INWONERS IN 1960 GEHAD HET

1960 = 100

A - RAMING VIR 1980  
B - RAMING VIR 1971



TABEL 3.3

GROOTTE VAN TOTALE BLANKE BEVOLKING VAN ALLE DORPE EN STEDE MET MEER AS 10,000 INWONERS IN 1960

Jaar	Bevolking in 1000 <sup>e</sup>
1960	1,881
1961	1,890
1962	1,932
1963	1,988
1964	2,094
1965	2,068
1966	2,184
1971	2,413
1980	2,822

Die aantal poste vir stads- en streeksbeplanners word in 1971 op 217 gestel (kyk par. 3.1) terwyl die bevolking van die stede geraam word op 2,413,000. Daar word dus geraam dat in 1971 een stads- en streeksbeplanner vir elke 11,120 van die bevolking in dié dorpe en stede benodig word.

Vanaf 1971 tot 1980 styg die bevolking volgens raming met 409,000. Volgens die verhouding aangedui, neem die werkgeleentheid vir stads- en streeksbeplanners van 1972 tot 1980 dus toe met 37 poste, en word die werkgeleentheid vir 1980 voorlopig dus geraam op 254 poste (217+37).

### 3.2.3 Raming van erosie as gevolg van uitdienstreding

Met die ouderdomstruktuur van gesalarieerde S en S (kyk tabel 2.6) as basis, word nou die ouder-

- (ii) Die verhouding tussen die getal stads- en streeksbeplanners soos geraam vir 1971 en die grootte van die bevolking is bepaal.
- (iii) Die totale bevolking van die genoemde dorpe en stede is vir 1980 geraam.
- (iv) Die verhouding van stads- en streeksbeplanners tot totale bevolking soos geraam in (ii) is op die bevolking soos in (iii) geraam, toegepas om sodoende die werkgeleentheid vir 1980 te bepaal.
- (v) Aanpassings vir uitdienstreding is gemaak, asook aanpassings vir persone wat nie die beroep beoefen nie.

Deur van die metode soos beskryf, gebruik te maak, word aanvaar dat daar 'n verband tussen die bevolkingsgroei van dorpe en stede en die aantal stads- en streeksbeplanners wat benodig word, bestaan. Aangesien die groter dorpe meer poste vir stads- en streeksbeplanners as kleiner dorpe het, wil dit voorkom asof die verband wel bestaan. Baie van die werk wat stads- en streeksbeplanners in die dorpe en stede doen, staan in verband met hersonering wat gewoonlik gepaard gaan met die ontwikkeling of groei van 'n dorp of stad. Hierdie uitgangspunt sal dus in hoë mate geldig wees vir die bepaling van die werkgeleentheid by beide plaaslike besture en privaat konsultante aangesien die kleinere plaaslike besture gewoonlik kliënte van die konsultante is. Dit is waarskynlik minder geldig vir staatsdepartemente en provinsiale administrasies, aangesien hul hoofsaaklik (behalwe in die geval van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling) kontrollerend van aard is.

### 3.2.2 Raming van werkgeleentheid tot 1980

Tabel 3.3 toon die totale Blanke bevolking vanaf 1960 tot 1966 en 'n raming van die bevolking vir 1971 en 1980 van alle dorpe en stede met meer as 10,000 inwoners. Die raming word verkry deur die reguitlyn wat die beste by die gegewens tot 1966 pas, te verleng. (Kyk figuur 1). Daar moet in hierdie verband genoem word dat die tydreeks wat beskikbaar is, eintlik te kort is om so 'n lang vooruitskatting te maak. Om hierdie rede is die raming gekontroleer deur dit te vergelyk met die raming van die totale bevolking van die Republiek. So maak die Blanke bevolking van die stede en dorpe onder bespreking 61.2 persent van die totale bevolking uit in 1966 terwyl volgens raming dit in 1980, 64.3 persent sal uitmaak. Met die verstedeliking van die bevolking in ag geneem, skyn die raming dus realisties te wees.

Die vraelyste is besonder kort aangesien die ondervinding geleer het dat reaksie op kort vraelyste gewoonlik goed is.

Wat (c) hierbo betref, is aanvaar dat daar 'n sterk verband bestaan tussen die bevolkingsgroei van dorpe en stede en die aantal stads- en streeksbeplanners wat benodig word. Die metode wat gevolg is, word in par. 3.2.1 beskryf.

## 1.3 REAKSIE OP VRAEYSTE

### 1.3.1 Reaksie op vraelyste aan individue

Daar is 197 vraelyste aan persone uitgestuur. Hiervan is 171 of 91.9 persent terug ontvang.

Hierdie reaksie op 'n posvraelys kan as besonder hoog beskou word.

### 1.3.2 Reaksie op vraelyste aan werkgewers

Aan werkgewers is 82 vraelyste gestuur en 73 of 89.0 persent is terug ontvang. Die swakste reaksie is van die privaat konsultante verkry. Van die 25 konsultante wat genader is, het 17 of 68.0 persent geantwoord. Van hierdie 17 het 7 of 41.2 persent aangedui dat hulle geen poste vir stads- of streeksbeplanners het nie (m. a. w. geen werkneemers nie). Daar kan dus aanvaar word dat die ondertelling as gevolg van die 8 firmas wat nie gereageer het nie, nie ernstig kan wees nie.

## 2. 'N BEROEPSPROFIEL VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

'n Vraag- en aanbodstudie vir 'n beroep kan nie sonder kennis aangaande die persone wat die beroep beoefen, of kan beoefen, gedoen word nie. Soos in die vorige paragraaf gemeld, is 171 vraelyste van persone wat hul beroep aangee as stads- en streeksbeplanner of wat oor die nodige kwalifikasies beskik, terug ontvang. Van die 171 persone is 18 nie by die bespreking wat volg, ingesluit nie omdat 15 van hulle nie ekonomies bedrywig is nie (huisvroue en uitdiensgetredenes) en drie persone het die vraelys oningeval teruggestuur. Die onderstaande bespreking handel dus oor 153 persone.

### 2.1 GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

#### 2.1.1 Die agtergrondstudierigting

Van die 153 persone hierbo genoem is 99 gesalarieerde werkneemers. Van die 99 werk 69 as stads- en streeksbeplanners terwyl 30 'n ander beroep beoefen. Van laasgenoemde 30 persone is 11 (36.7 persent) ingenieurs, 5 (16.6 persent) landmeters en 11 (36.7 persent) argitekte terwyl 3 (10.0 persent) ander beroepe beoefen. Die agtergrondstudierigting van eersgenoemde 69 persone word in tabel 2.1 aangetoon.

TABEL 2.1  
AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN PRAKTISERENDE GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

Agtergrondstudierigting	Getal Stads-beplanners	Getal Streeks-beplanners	Albei	Totaal	%
Ingenieurswese .....	5	2	6	13	18.8
Argitektuur .....	10	2	3	15	21.7
Landmeetkunde .....	16	2	1	19	27.5
Stads- en streeksbeplanning .....	10	0	2	12	17.4
B. A. en B. Sc.	5	1	4	10	14.6
<b>TOTAAL</b>	<b>46</b>	<b>7</b>	<b>16</b>	<b>69</b>	<b>100.0</b>

Die groep wat as stads- en/of streeksbeplanners werk, toon 'n wyer verskeidenheid van agtergrondstudierigtigs as dié wat nie die beroep beoefen nie.

Wanneer slegs die drie hoofrigtings, nl. argitektuur, landmeetkunde en ingenieurswese vergelyk word, word 'n duidelike verskil tussen die agtergrondstudierigtigs van die praktiserende en nie-praktiserende stads- en streeksbeplanners gevind. Van die 27 nie-praktiserendes is slegs 5 (18.5 persent) landmeters en van die 47 praktiserendes is 19 (40.4 persent) landmeters. Dit wil daarom voorkom asof landmeters met kwalifikasies in stads- en streeksbeplanning eerder as stads- en streeksbeplanners sal werk as ingenieurs of argitekte. Die landmetersberoep is besonder sterk verteenwoordig onder die stads- en streeksbeplanners want terwyl daar in 1965 volgens raming 9500 ingenieurs en 1000 argitekte in Suid-Afrika was, was daar slegs 450 landmeters.

#### 2.1.2 Die werkgewer

Tabel 2.2 toon die verspreiding van stads- en streeksbeplanners volgens werkgewer aan.

**TABEL 2.2  
DIE WERKGEWERS VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Werkgewer	Getal Stads-beplanners	Getal Streeks-beplanners	Albei	Totaal	%
Plaaslike Besture	31	0	4	35	50.7
Staatsdiens en Provinciale Administrasies	8	7	10	25	36.2
Private firmas	5		1	6	8.7
Ander	2		1	3	4.4
<b>TOTAAL</b>	<b>46</b>	<b>7</b>	<b>16</b>	<b>60</b>	<b>100.0</b>

Volgens bostaande tabel is die funksie van streeksbeplanning hoofsaaklik dié van die Staatsdiens of Provinciale Administrasies terwyl Plaaslike Besture die grootste werkgewer van stadsbeplanners is.

#### 2.1.3 Die inkomste

##### (a) Stads- en streeksbeplanners wat die beroep beoefen

Tabelle 2.3 en 2.4 toon die jaarlike inkomste van die gesalarieerde stads- en streeksbeplanners wat die beroep beoefen, aan.

toetree, en dit beloop 26 persone per jaar.

Dit beteken nie dat slegs 26 persone jaarliks moet kwalifiseer om aan die vraag te voldoen nie. Van die kwalifiserendes is daar (a) werknemers wat nie die beroep beoefen nie (30 uit 99, kyk par. 2.1.1.), en (b) persone wat in eie diens is (54 uit 153, kyk par. 2.1.1 en 2.2).

Indien hierdie patroon van indiensneming sou voortduur, beteken dit dat, om te verseker dat 26 stads- en streeksbeplanners jaarliks tot die beroep as werknemers toetree, 58 persone jaarliks van 1968 tot 1971 in stads- en streeksbeplanning sal moet kwalifiseer.

Die volgende aspekte raak hierdie raming, maar is nie in berekening gebring nie omdat die uitwerking daarvan nie kwalifiseerbaar is nie:

- (a) Persone wat as stads- en streeksbeplanners met die voorgraadse kursus van B.Sc. of B.A. Beplanning kwalifiseer, sal byna almal tot die beroep toetree omdat hulle nie huis ander beroepe kan beoefen nie.
- (b) Landmeters wat kwalifikasies in stads- en streeksbeplanning behaal, sal eerder tot die beroep toetree as argitekte of ingenieurs.
- (c) Volgens inligting van die Transvaalse Provinciale Administrasie verkry, doen baie argitekte en landmeters werk wat as stadsbeplanning beskou kan word, veral insoverre dit die ontwikkeling van dorpsgebiede (townships) betref. Indien die kliënte van hierdie persone besluit om eerder van gekwalifiseerde stads- en streeksbeplanners gebruik te maak, sal die vraag toeneem. Daar kan egter geargumenteer word dat die huidige konsultante aan dié vraag sal kan voorsien minstens tot 1971 aangesien hulle klaarblyklik nie ten volle beset word nie (kyk par. 2.3).

#### 3.2 RAMING VAN DIE VRAAG VIR DIE TYDPERK 1972 TOT 1980

Hierdie gedeelte van die raming begin doelbewus nie by 1967 nie, maar by 1972. Uit die gegewens wat ingewin is (kyk tabel 3.1), blyk dat daar tans 'n onbevredigende behoeftes na stads- en streeksbeplanners bestaan. As die aanvanklike behoeftes bevredig kon word, m.a.w. die vakante poste kan gevul en dus aan die korttermynvraag voorsien word, sal die vraag daarna nie so snel toeneem nie. In die raming tot 1971 word hierdie aanvanklike behoeftes in aanmerking geneem en word daarom nie weer by die langtermynraming ingesluit nie.

##### 3.2.1 Metode van raming

Die raming van die vraag na stads- en streeksbeplanners vir die tydperk 1972 - 1980 bied sekere probleme, nl.

- (a) die beroep as sodanig bestaan in die Republiek van S.A. nog nie lank nie. Die verkryging van 'n tydreeks met die oog op ekstrapolasie is dus baie moeilik,
- (b) die getal persone wat die beroep beoefen, is klein. 'n Klein afwyking vanaf die werklike situasie beteken 'n groot persentasiefout in die raming, en
- (c) die agtergrondstudierigting van die persone het 'n groot invloed op die toetreding tot die beroep.

Die metode wat vir die raming gebruik is, kom kortliks op die volgende neer:

- (i) Die grootte van die totale Blanke bevolking van alle dorpe en stede wat in 1966 meer as 10,000 inwoners gehad het, is vir 1971 geraam.

TABEL 3.1  
HUIDIGE (1967) EN VERWAGTE (1971) WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKS-  
BEPLANNERS VOLGENS WERKGEWER

	Plaaslike besture	Staatsdept. en Proviniale Administrasie	Privaat firmas	Totaal
1. Getal poste (1967) gevul deur gekwalifiseerde persone	62	39	22	123
2. Getal vakante poste (1967)	18	26	1	45
3. Getal poste gevul deur persone sonder die nodige kwalifikasies	10	17	5	32
SUBTOTAAL	90	82	28	200
4. Getal poste gevul deur persone wat nie 'n pos as S. en S. beklee nie en ook nie die kwalifikasies het nie, maar S. en S. werk doen wat deur 'n opgeleide persoon gedoen behoort te word	22	5	3	30
TOTAAL	112	87	31	230
5. Getal bykomende poste tot 1971	20	21	8	49

Volgens tabel 3.1 bestaan daar tans 200 poste vir stads- en streeksbeplanners. Van hierdie poste is slegs 123 of 61.5 persent doelmatig (volgens die omskrywing van stads- en streeksbeplanners) gevul terwyl 32 of 16.0 persent deur ongekwalifiseerde persone gevul word en 45 of 22.5 persent vakant is.

Die 30 persone wat eintlik stads- en streeksbeplannerswerk doen maar nie poste beklee met die benaming van stads- en streeksbeplanner nie, wys op die noodmaatreëls wat werkgewers verplig word om te tref. Veral plaaslike besture maak van dié persone gebruik aangesien hulle ten opsigte van postevulling, 'n groter mate van vryheid as die staatsdiens het.

Aangesien die tekorte van so 'n omvang is, word 'n minimum raming van die vraag na gekwalifiseerde persone uitgewerk, d.w.s. daar word aanvaar dat dié persone wat nie gekwalifiseerd is nie, maar poste vul, bevredigende werk lewer en dus nie deel is van die vraag na gekwalifiseerde persone nie. Die werkgeleenheid vir gekwalifiseerde stads- en streeksbeplanners word vir 1971 dus op 217 poste (123+45+49) geraam.

Van hierdie 217 poste is 45 tans (1967) vakant en 49 sal tot 1971 as nuwe poste ontstaan. Om al 217 poste in 1971 gevul te hê, sal dus minstens 94 addisionele persone tot die beroep moet toetree. As ook in aanmerking geneem word dat 7.2 persent van die persone wat tans die beroep beoefen, reeds 60 jaar of ouer is (kyk tabel 2.6), kan enigsins arbitrêr geraam word dat 'n verdere 12 persone tot 1971 benodig sal word om poste te vul wat as gevolg van dood en uitdienstreding vakant sal raak.

Vir die tydperk 1968 - 1971 moet gevolglik 106 (94+12) persone tot die beroep as werknemers

TABEL 2.3  
JAARLIKSE INKOMSTE VOLGENS WERKGEWER VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKS-  
BEPLANNERS WAT DIE BEROEP BEOEFEN

Inkomste in Rand	Plaaslike Besture	Staatsdiens en Proviniale Administrasie	Private firma	Ander	Totaal
	N	N	N	N	N
- 1999		2			2
2000 - 2499		1			1
2500 - 2999					1
3000 - 3499		1			6
3500 - 3999	2	3	1		6
4000 - 4499	2	4			12
4500 - 4999	9	3			11
5000 - 5499	6	4	1		8
5500 - 5999	4	3	1	3	22
6000 +	12	4	3	3	69
TOTAAL	35	25	6	3	69

Mediaaninkomste 5375 4750 6000 6000+ 5295

TABEL 2.4  
JAARLIKSE INKOMSTE VOLGENS AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS WAT DIE BEROEP BEOEFEN

Inkomste in Rand	Ingenieurs-wese	Argitektuur	Landmeet-kunde	Stads- en Streeks-beplanning	B. A. en B. Sc.	Totaal
	N	N	N	N	N	N
- 1999		1			1	2
2000 - 2499					1	1
2500 - 2999						1
3000 - 3499		1			4	6
3500 - 3999		1	1			6
4000 - 4499	2	1	2	1		12
4500 - 4999	4	2	1	5		11
5000 - 5499	2	2	4	2	1	8
5500 - 5999	1	3	3	1		22
6000 +	4	4	8	3	3	69
TOTAAL	13	15	19	12	10	69

Mediaaninkomste 5125 5375 5750 5000 3875 5295

(b) Gekwalifiseerde stads- en streeksbeplanners wat nie die beroep beoefen nie

TABEL 2.5

JAARLIKSE INKOMSTE VAN GESALARIEERDE, GEKVALIFISEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS WAT NIE DIE BEROEP BEOEFEN NIE, VOLGENS BEROEPSRIGTING

Inkomste in Rand	Ingenieurs	Argitekte	Landmeters	Ander	Totaal
	N	N	N	N	N
Onder 1999				1	1
4000 - 4499			1		1
4500 - 4999		2			2
5000 - 5499	1	2	2	1	6
5500 - 5999	-	-	-	-	-
6000 +	10	7	2	1	20
<b>TOTAAL</b>	<b>11</b>	<b>11</b>	<b>5</b>	<b>3</b>	<b>30</b>

Mediaaninkomste 6000 + 6000 + 5375 5250 6000 +

Alhoewel klein groepies in bostaande tabel voorkom, word aanvaar dat daar nie baie meer as 30 gesalarieerde, gekwalifiseerde stads- en streeksbeplanners wat nie as stads- en streeksbeplanners werk in Suid-Afrika kan wees nie. Afleidings word dus uit die tabel gemaak.

(c) Vergelyking van die inkomste van gesalarieerde stads- en streeksbeplanners wat die beroep beoefen met dié wat nie die beroep beoefen nie

Daar is duidelike verskille wanneer die inkomste wat in tabel 2.5 aangegee is, vergelyk word met dié in tabel 2.4. Oopvallend is die feit dat 10 van die 11 ingenieurs en 7 van die 11 argitekte in tabel 2.5 meer as R6000 per jaar verdien, terwyl tabel 2.4 aantoon dat 4 van die 13 ingenieurs en 4 van die 15 argitekte meer as R6,000 per jaar verdien. Hierdie patroon, naamlik dat die inkomste van die stads- en streeksbeplanner laer is as dié van die persoon wat die agtergrondstudierigting beoefen, is nie geldig vir die landmeters nie. Die landmeter wat as stads- en streeksbeplanner werk is blykbaar beter daaraan toe as wat hy as landmeter sou wees want die mediaaninkomste van die landmeters wat as stads- en streeksbeplanners werk, is hoër (R5750) as dié van diegene wat as landmeters werk (R5375).

Dit wil dus voorkom dat hierdie feit deels 'n rede is hoekom die beroep van stads- en streeksbeplanner vir landmeters aantreklik is.

Uit tabelle 2.11 en 2.12 blyk dit dat daar 'n baie duidelike verskil tussen die mening van die gesalarieerde stads- en streeksbeplanner en dié in eie diens, oor werkgeleentheid vir die beroep bestaan. Die sienswyse van die gesalarieerde stadsbeplanner word weerspieël in die postestruktuur van sy werkgeverorganisasie en die aantal vakatures wat in die organisasie bestaan (kyk tabel 3.1). Die stads- en streeksbeplanners in eie diens is klaarblyklik nie ten volle met stads- en streeksbeplanningswerk besig nie, want 11 van die 18 persone (61.1 persent) van die groep wat hoofsaaklik ander werk doen, verklaar dat daar min werkgeleentheid bestaan. Uit tabel 2.12 is dit duidelik dat veral die groep wat nie die beroep beoefen nie, van mening is dat daar min werkgeleentheid vir stads- en streeksbeplanners bestaan. Amper een derde van die persone wat wel die beroep beoefen, waag ook so 'n mening. Daar is egter 'n duidelike meningsverskil tussen die twee groepe. Hierdie verskil kan nie met die bestaande gegevens verklaar word nie. In hierdie verband het onderhoude met stads- en streeksbeplanners in verskeie organisasies die volgende sienswyses na vore gebring:

- (a) Stads- en streeksbeplanning word al hoe meer spanwerk waarin die landmeter, argitek, ingenieur, ekonom en sosioloog hul bydrae lewer. Dit kan daarom wees dat firmas wat aan kliënte, skynbaar hoofsaaklik die kleiner plaaslike besture wat nie self gesikte persone in diens het nie, 'n "package deal" lewer, meer suksesvol is en daarom aandui dat daar baie werkgeleentheid bestaan.
- (b) Die gehalte van die diens wat aan die kliënt gelewer word, sal soos dit maar op die meeste terreine gaan, ook hier 'n rol speel.

2.4 DIE NUT VAN KWALIFIKASIES IN STADS- EN STREEKSBEPLANNING VIR DIEGENE WAT NIE DIE BEROEP BEOEFEN NIE

2.4.1 Gesalarieerde persone

Van die 30 persone in hierdie groep het 23 geantwoord dat hulle tog hulle opleiding as stads- en streeksbeplanner in die beoefening van hulle beroep gebruik. Hierdie persone het gewoonlik verklaar dat in hul beroep aspekte van stads- en streeksbeplanning voorkom en vind dus die spesiale opleiding nuttig.

2.4.2 Persone in eie diens

Van die 18 stads- en streeksbeplanners wat hoofsaaklik 'n ander beroep beoefen, het 14 aangedui dat die opleiding wel gebruik word.

3. DIE VRAAG NA STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

Die vraag na stads- en streeksbeplanners word vir twee doelwitjare nl. 1971 en 1980, geraam.

3.1 DIE RAMING VAN DIE VRAAG TOT 1971

Vir die raming van die vraag na stads- en streeksbeplanners tot 1971 is 'n direkte metode gebruik.

Die werkgewers van stads- en streeksbeplanners is gevra (kyk par. 1.2 (iii)) om

- (a) die aantal gevulde poste,
- (b) die aantal vakatures, en
- (c) die verwagte aantal bykomende poste tot en met 1971, te verstrek.

Tabel 3.1 toon die werkgeleentheid soos van die werkgewers verkry, aan.

Die stads- en streeksbeplanners in eie diens wat die beroep beoefen, is net soos by die gesalarieerde stads- en streeksbeplanners, jonger as die groep wat hoofsaaklik 'n ander beroep beoefen. Verder is dié stads- en streeksbeplanners in eie diens ouer as hul gesalarieerde kollegas (kyk tabel 2.6, bl. 8).

**2.3 DIE MENING VAN GEKWALIFIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS TEN OPSIGTE VAN DIE HOEVEELHEID WERKGELEENTHEID VIR DIE BEROEP**  
Tabel 2.11 dui die mening van die gesalarieerde stads- en streeksbeplanners en tabel 2.12 die mening van die stads- en streeksbeplanners in eie diens ten opsigte van die hoeveelheid werkgeleentheid aan.

**TABEL 2.11  
MENING VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS OOR DIE HOEVEELHEID WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Werkgeleentheid	Vir stadsbeplanners		Vir streeksbeplanners	
	N	N	N	N
Baie	40		14	
Redelike hoeveelheid	18		23	
Min	8		13	
Onbekend	3		19	
<b>TOTAAL</b>	<b>69</b>		<b>69</b>	

Bestaande groep stads- en streeksbeplanners is dus van mening dat daar baie werkgeleentheid vir stadsbeplanners is. Van die wat 'n mening gewaag het (naamlik 66 persone) dui 40 of 60.6 persent aan dat daar baie werkgeleentheid bestaan terwyl slegs 8 of 12.1 persent van mening is dat daar maar min werkgeleentheid bestaan. Dat 19 van die persone nie 'n mening oor werkgeleentheid vir streeksbeplanners wou waag nie, is in ooreenstemming met die algemene beeld, nl. dat stads- en streeksbeplanners hoofsaaklik stadsbeplanningswerk doen.

**TABEL 2.12  
MENING VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS OOR DIE HOEVEELHEID WERKGELEENTHEID VIR STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Werkgeleentheid	Doen hoofsaaklik S en S*		Totaal
	N	N	
Baie	10	2	12
Redelike hoeveelheid	13	3	16
Min	11	11	22
Onbekend	2	2	4
<b>TOTAAL</b>	<b>36</b>	<b>18</b>	<b>54</b>

\* S en S : Stads- en streeksbeplanning.

#### 2.1.4 Die ouderdomstruktuur

**TABEL 2.6  
DIE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Ouderdom in jare	Beoefen die beroep		Beoefen nie die beroep nie		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
25 - 29	5	7.2			5	5.1
30 - 34	7	10.2	3	10.0	10	10.1
35 - 39	11	15.9	3	10.0	14	14.1
40 - 44	16	23.2	7	23.3	23	23.2
45 - 49	8	11.6	6	20.0	14	14.1
50 - 54	10	14.5	5	16.7	15	15.2
55 - 59	7	10.2	4	13.3	11	11.1
60 - 64	2	2.9	2	6.7	4	4.1
65 - 69	3	4.3			3	3.0
<b>TOTAAL</b>	<b>69</b>	<b>100.0</b>	<b>30</b>	<b>100.0</b>	<b>99</b>	<b>100.0</b>

Mediaanouderdom<sup>1)</sup> 43.1 jaar 46.2 jaar 44.0 jaar

Die stads- en streeksbeplanners het byna deurgaans 'n opleidingsperiode van ses jaar na matriek agter die rug; vandaar die redelik hoe mediaanouderdom vir die beroep.

#### 2.1.5 Die kwalifikasiestruktuur

**TABEL 2.7  
DIE KWALIFIKAISIESTRUKTUUR VAN GESALARIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS**

Kwalifikasie	Beoefen beroep		Beoefen nie beroep nie		Totaal	
	N	N	N	N	%	
Doktorsgraad	2			2	2.0	
Magister of Doktorsgraad + diploma (S en S)	4		4	8	8.1	
B-graad + diploma (S en S)	27		18	45	45.5	
B-graad + M-graad (S en S)	3			3	3.0	
Diploma + Diploma (S en S)	7		4	11	11.1	
B-graadbeplanning	1			1	1.0	
Diploma of korporaatlid van Instituut van Dorpsbeplanners	16		4	20	20.2	
B-graad	9			9	9.1	
<b>TOTAAL</b>	<b>69</b>		<b>30</b>	<b>99</b>	<b>100.0</b>	

1) Die ouderdom van 'n persoon is bereken volgens sy geboortedatum. Indien hy bv. 25 j. 6 mde. oud is, is die ouderdom benader tot 26 j.

Volgens tabel 2.7 is die mees algemene kwalifikasie 'n B-graad (gewoonlik in ingenieurswese, argitektuur en landmeetkunde) plus 'n nagraadse diploma in stads- en streeksbeplanning.

## 2.2.2 Die inkomste

Die groep van 20 persone wat oor korporaatlidmaatskap van die Instituut van Stadsbeplanners beskik, is 'n heterogene groep in die opsig dat sommige persone lidmaatskap op grond van ondervinding verkry het sonder dat besondere kwalifikasies in die rigting behaal is en die ander op grond van hul kwalifikasies. Volgens inligting van die Instituut verkry, word lidmaatskap nou egter slegs toegeken wanneer 'n persoon oor spesifieke kwalifikasies in stads- en streeksbeplanning beskik. 'n Uitsondering in hierdie verband word egter nog gemaak in die geval van immigrante wat oor lidmaatskap van die Britse Instituut van Stadsbeplanners beskik. Die tabel toon 9 persone wat volgens die definisie eintlik nie stads- en streeksbeplanners is nie.

### 2.2 GEKWALIFIEERDE STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS

Reaksie is van 54 persone in hierdie groep verkry van wie 36 hul vernaamste beroepsfunksie as stads- en streeksbeplanners aangegee het, terwyl 18 aangedui het dat hulle slegs af en toe stads- en streeksbeplanningswerk doen.

#### 2.2.1 Die agtergrondstudierigting

TABEL 2.8

#### AGTERGRONDSTUDIERIGTING VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS

Agtergrondstudierigting	Doen hoofsaaklik S en S	Beoefen hoofsaaklik ander beroep
	N	N
Ingenieurswese	5	3
Argitektuur	15	14
Landmeetkunde	10	1
Stadsbeplanning	6	
	36	18

Net soos in die geval van die gesalarieerde stads- en streeksbeplanners, is dit opmerklik dat landmeters relatief so 'n groot groep van die praktiserende stads- en streeksbeplanners uitmaak. Terwyl die verhouding van die getal landmeters tot getal argitekte tot getal ingenieurs in die arbeidsmag 1:2:19 is (kyk par. 2.1.1, bl. 5), is die ooreenstemmende verhouding by praktiserende stads- en streeksbeplanners in eie diens 1: 1.5:0.5.

TABEL 2.9  
DIE JAARLIKSE INKOMSTE VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS

Inkomste in Rand	Doen hoofsaaklik S en S	Beoefen hoofsaaklik ander beroep
	N	N
2000 - 2499	1	0
2500 - 2999	0	1
3000 - 3499	2	1
3500 - 3999	1	-
4500 - 4999	1	-
5000 - 5499	2	1
5500 - 5999	3	-
6000 +	26	14
<b>TOTAAL</b>	<b>36</b>	<b>17<sup>1)</sup></b>

Die mediaaninkomste is hoër as R6000 en dus heelwat hoër as die inkomste van gesalarieerde stads- en streeksbeplanners (kyk tabelle 2.3 en 2.4). Daar moet egter op gewys word dat hierdie persone se inkomste nie in die geheel uit stads- en streeksbeplanningswerk verkry word nie.

#### 2.2.3 Die ouderdomstruktuur

TABEL 2.10  
DIE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN STADS- EN STREEKSBEPLANNERS IN EIE DIENS

Ouderdomsgroep in jare	Doen hoofsaaklik S en S	Beoefen hoofsaaklik ander beroep
	N	N
30 - 34		2
35 - 39	2	2
40 - 44	8	2
45 - 49	9	2
50 - 54	3	1
55 - 59	6	6
60 - 64	5	
65 - 69	3	2
70 - 74		1
<b>TOTAAL</b>	<b>36</b>	<b>18</b>

Mediaanouderdom

48.9 jaar

54.5 jaar

<sup>1)</sup> Een persoon het nie sy inkomste verstrek nie.